# MAAK 'N BETALING

## Wat is nuut?

- **14 April 2020 - Vermindering in maksimum tjek-limietwaarde vanaf 1 Mei 2020**

Vanaf 1 Mei 2020, sal die Betalingvereniging van Suid-Afrika (PASA) die maksimum waarde vir die uitreik van 'n tjek verminder vanaf die huidige waarde van R500 000 tot R50 000. Neem asseblief kennins dat tjekbetalings aan SARS, wat R50 000 oorskry, vanaf hierdie datum nie meer aanvaar sal word nie.  Geen verdeling van betaling om die nuwe tjek-itembeperking te omseil sal toegelaat word nie, bv. die uitreik van twee tjeks ter waarde van R50 000 elk om 'n betaling van R100 000 te maak nie, ingevolge die PASA-reëls.

Om druk op banktakke te verminder gedurende die COVID-19-krisis, moedig ons belastingpligtiges aan om kontant- en tjekbetalings aan SARS te vermy en om liewer van elektroniese betalings deur eFiling of EOF gebruik te maak.

## Opsies vir betalings

Daar is tans 'n aantal opsies beskikbaar om 'n betaling aan SARS te maak:

**1. By 'n bank**

Betalings aan SARS kan by die volgende banke gemaak word: Absa, FNB, Nedbank, Standard Bank en Capitec.

Verstrek asseblief die korrekte begunstigde-ID en betalingverwysingsnommer (PRN).

**Top wenk:** Betalings vir lugpassasiersbelasting (APT) kan slegs by Absa-, Nedbank-, FNB- en Standard Bank-takke gemaak word.

**2. Betalings deur eFiling**

Belastingpligtiges word aangeraai om 'n krediet-stoot opsie op te stel of om van een van SARS se alternatiewe metodes van betaling gebruik te maak.

Met 'n kredietstoot, word die betaling deur jou, die bankrekeninghouer, gemaak. Wanneer jy 'n betaling aan SARS maak, sal eFiling 'n betalingsversoek aan jou bank stuur wat die bedrag aandui wat betaal moet word deur die toepaslike bankproduk.

Die belastingpligtige magtig dan sodanige versoek normaalweg deur die toepaslike bankproduk. Dit vorm 'n instruksie aan die bank om die betaling aan SARS te maak.

Krediet-stoot betalings word geag as onherroeplik en kan slegs gemaak word indien die rekeninghouer die nodige fondse beskikbaar het. 'n Kredietstoottransaksie kan slegs gekanselleer word voordat dit goedgekeur is. Klik hier vir meer inligting.

Die volgende banke kan gebruik word vir eFiling-betalings: Absa, Bidvest Bank, Capitec Bank, Citibank, FNB, HSBC, Investec, Nedbank, Standard Bank, Standard Chartered, Mercantile Bank, AlBaraka, Sasfin en HBZ.

**3. Elektroniese fondsoordrag (EFO)**

Betaling kan deur internetbankdienste gemaak word deur eenvoudig die standaard kieslys van vooraf-goedgekeurde begunstigde ID's te gebruik soos deur die bank voorsien. Alle SARS begunstigde ID's word voorafgegaan met die naamkonvensie "SARS- <Belastingsoort>". Alle internetbetalings moet korrek verwys word om seker te maak dat SARS jou betaling kan identifiseer en korrek met jou rekening kan verbind. Jy sal nie 'n betaling kan maak indien jou verwysing foutief is nie.

Die volgende banke steun hierdie metode: ABSA, AlBaraka, Grobanks, Ltd. (voorheen Bank of Athens), Capitec, FNB, HBZ Bank, HSBC, Investec, JP Morgan, Mercantile Bank, Nedbank en Standard Bank.

**4. By 'n SARS Doeane-tak**

- SARS inkomste takke - aanvaar nie meer kontant- of tjekbetalings nie. Kontant- en tjekbetalings aan SARS kan by 'n bank gemaak word soos hierbo aangedui.

- Doeane en aksynstakke - kontant- en tjekbetalings word aanvaar.

**5. Buitelandse betalings**

Neem asseblief kennis:  Hierdie betalingsmetode moet slegs deur buitelandse belastingpligtiges gebruik word waar geen ander betalingopsies of kanale beskikbaar is nie, bv. waar betalings deur eFiling, internetbankdienste (EFO) of betaling by 'n bank nie beskikbaar is nie.

**Top wenk:  Indien 'n buitelandse belastingpligtige 'n Suid-Afrikaanse bankrekening het, mag hierdie metode van betaling nie gebruik word nie.**

Betalings kan elektronies na SARS se bankrekening gemaak word deur die standaard SWIFT 103 boodskap en die begunstigde ID/rekeningnommer "SARS-FOR-999" te gebruik. Slegs FNB steun hierdie metode.

## Benodig jy meer inligting?

Vir meer inligting oor die SARS betalingsreëls, verwys asseblief na die lys van betalingsdokumente hieronder.

| Top publikasies |
| --- |
| Completion of DA 70 |
| Guide on Account payment process |
| Guide to Bulk and Additional Payments on eFiling |
| SARS Payment Rules |
| Guide to the Payment Advice Notice functionality on eFiling |